Waterkruik

JAARGANG 55 NO 48 16 Desember AD 2018

EREDIENSTE VIR DIE VOLGENDE SONDAE

Dr. Douw en Elize is tot die 22ste Desember met verlof. Ons wens hulle 'n aangename rustyd toe.

Vanoggend word die erediens deur ds. Eddie Tiemensma, emeritus- predikant van GK Kemptonpark, gelei.

Ds Danie Snyman, emerituspredikant van GK Magalieskruin, lei vanaand die erediens.

Hartlik welkom in ons midde. Ons bid u die Here se seën toe op die verkondiging van die Woord.

Sondag 23 Desember
Beide eredienste: dr. Douw Breed

Kersdag, Dinsdag 25 Desember 2018, vind daar om 09:00 'n gesamentlike erediens met Alkantrantgemeente in ons kerkgebou plaas. Dr. Douw sal die erediens lei. Die diens word ook direk op die internet uitgesaai.

KOLLEKTE BY DIE DEURE

Die res van hierdie jaar word die kollekte by die deure afgesonder vir die Kerkkas.

Sondag 6 Januarie: **Teologiese Studentekas**

Doel: Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.

Sondag 13 Januarie:
Emeritaatsversorging
Doel: Om die emerituspredikante, -weduwees en wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.

DIENSBEURTE
Vandag: Wyke 5 & 6
Ouderlinge: Daniël du Plessis en Kobie van Wyk
Diaken: Willem Wepener

Volgende Sondag: Wyke 7 & 8
Ouderlinge : Jac van der Walt en Steve Chambers
Diaken: Joryn van Staden

Sondag 30 Desember Wyke 9 &10
Ouderlinge: Jasper Steyn en Wihan Oosthuizen
Diaken: Eddie Engelbrecht

Sondag 6 Januarie Wyke 11 & 12
Ouderlinge: Jantus van der Linden en Johan van Staden
Diaken: Ian de Villiers

Sondag 13 Januarie Wyke 13 &14
Ouderlinge: Piet Robbertse en Frans Schutte
Diaken: Deon van der Merwe

TEESKINKBEURTE

Vandag en die res van die jaar tot Sondag 6 Januarie sal daar selfhelptee en -koffie in die saal beskikbaar wees. Baie dankie aan al die susters en broeders wat bereid is om hiermee te help.
Sondag 13 Januarie is dit die beurt van wyk 10 o.l.v. Anika le Roux om tee en koffie te bedien.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag die Here, die Bron van vrede, self altyd en op elke manier vir julle vrede gee."
2 Tessalonisense 3:16

Vandag
Br. Eddie Trollip 083 230 4245
Sr. Wena Kloppers 082 923 0246
Br. Renier Oosthuizen 071 333 4784
Br. Jean Oosthuizen 071 333 8718

Dinsdag 18 Desember
Br. Theunis Kruger 083 312 5964
Sr. Stefanie Nel 082 566 0344

Woensdag 19 Desember
Sr. Annette de Bruyn 082 545 5490
Sr. Joey Erasmus (Buiteland)
Sr. Hannie Kruger 082 414 0325

Vrydag 21 Desember
Sr. Corlia Gouws 073 266 7541

Daar is hierdie week nie minder nie as 3 van ons susters wat hulle spesiale verjaardag vier. Hartlik geluk aan sr. Stefanie Nel wat Dinsdag verjaar en srs. Annette de Bruyn en Hannie Kruger wat Woensdag verjaar. Mag die Here julle ryklik seën in die nuwe lewensjaar en mag Sy genade elke dag vir julle genoeg wees.

Sondag 23 Desember
Ansua Bonnema 082 411 4558

Donderdag 27 Desember
Sr. Linda Schutte 071 304 6509

Saterdag 29 Desember
Br. Giel de Lange 082 558 8979
Sr. Susan Tredoux 082 568 0706

Sondag 30 Desember
Br. Kobie van Wyk 082 907 7921

Dinsdag 1 Januarie
Sr. Sus Hossel 076 731 1355
Woensdag 2 Januarie
Br. Bouke Spoelstra 082 862 5692

Sr. Steffie Alberts 083 281 0729
Sr. Emma Nel 071 221 2840

Vrydag 4 Januarie
Sr. Anne Conley 082 651 3103

Saterdag 5 Januarie
Nicolas J. van Vuuren (2)082 213 7927

Hartlik geluk aan br. Bouke Spoelstra (ons emerituspredikant) wat Woensdag sy 92ste verjaardag vier. Ons bid u die Here se rykste seën toe op die nuwe lewensjaar. Mag Hy u elke dag vashou in Sy genade. Ons wens u 'n mooi dag toe saam met u eggenote en familie.

Maandag 7 Januarie
Sr. Nienke van der Walt 083 398 9080

Dinsdag 8 Januarie
Sr. Annelien Breed 079 883 4776

Donderdag 10 Januarie
Mia van Wyk (2) 079 883 4776
Br. Piet van Wyk 082 443 6605
Sr. Inka Wepener 083 475 5050

Vrydag 11 Januarie
Ettiene van der Merwe(11)0825626752

Saterdag 12 Januarie
Br. Douw Breed (jnr) 082 849 0456
Br. Steve Chambers 071 334 6872

MEELEWING
Ons dink in ons gebede aan ons bejaardes en die wat eensaam is. Mag God julle elke dag in sy genade en liefde omarm. Mag julle 'n geseënde Kersfees hê en mag 2019 vir almal voorspoedig wees.

Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!" (Lukas 2:13-14)

BEROEPENUUS

BEROEPE ONTVANG
Ds R Jansen van Vuuren (Riaan) van Hendrina/Carolina-kombinasie na Lichtenburg
Proponent CJ Lemmer (Jaco) na Buffeldoorns (Fochville)

BEROEPE AANVAAR
Prof RS Letsosa (Rantoa) van Teologiese Skool Potchefstroom na Boskop

BEROEPE BEDANK
Prof J Smit (Johannes) van die Teologiese Skool Potchefstroom na Lichtenburg

Die Redaksie wens u almal 'n geseënde Kersfees toe. Mag 2019 vir u elkeen voorspoedig en geseënd wees.

SOEK U LEESSTOF VIR DIE VAKANSIE?

Die Kuierkafee se **biblioteek** het 'n hele aantal boeke bygekry!! Dankie aan die skenkers. Daar is werklik iets vir elkeen se smaak. Kom kyk gerus in die saal na die diens en neem vir u leesstof uit vir die vakansie**. Dit moet net asseblief aangeteken word by Rika le Roux.**

KERSFEES SE NUWE INHOUD

Stephan Joubert skryf in Beeld van 9 Desember:
"Mag ons Kersfees vier?" vra iemand. Dadelik reageer iemand anders driftig: " *Nee, ek is gekant teen Kersbome en Kersgeskenke".*
"Hoekom?" vra ek verbaas.

"Kersfees is 'n heidense fees", sê sy*. "Christene het dit dan deur die eeue verchristelik",* waag ek dit*. "Hulle het die fees ter ere van die songod teen 25 Desember in die Romeinse Ryk omgeskep in 'n fees ter ere van die koms van Christus". "Dis nogtans van heidense oorsprong,"* antwoord sy. " *Nee, wag, ons gee tog self betekenis aan alles in ons lewe"*

Toe gaan ek voort: *"Ons is nie lewenslange gevangenes van iets net omdat dit oorspronklik 'n ander betekenis gehad het nie. Hoe kan iets heidens wees wanneer ons doelbewus kies om dit te vul met vars, Bybelse inhoude ? Ons vier Kersfees tot Jesus se eer. Ons geskenke vertel sy verhale; so ook ons manier van feesvier." "Wat dan van ons getuienis?"* vra sy. " *Wel, ons getuienis is juis dat ons reg leef en reg feesvier tot Jesus se eer"*

Uit die Woord:

Of julle eet en of julle drink of wat julle ookal doen, doen alles tot eer van God – 1 Kor.10:31.
En wat julle ookal sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom – Kol.3:17

EREDIENSTE IN KUSGEMEENTES IN DESEMBER



Die Redaksie is het kontak gemaak met 19 kusgemeentes van die GKSA met betrekking tot hulle erediensreëlings gedurende die Desemberskoolvakansie. 'n Paar gemeentes het gereageer. Corrie Pieterse van die **Gereformeerde Kerk Eden** het die volgende boodskap aangestuur :
Die GK Eden is 'n klein gemeente in Plettenbergbaai, ongeveer 50 lidmate sterk en verspreidwonend in Knysna, Plettenbergbaai en omliggende gebiede. Die gemeente beskik oor 'n eie predikantspaar, Ds Braam en Elvira van der Walt en hou elke Sondag om 10.30 'n erediens in die St Peters Anglikaanse Kerk in Churchstraat 24, Plettenbergbaai. Weens die gebrek aan 'n geskikte lokaal op Kersdag hou die gemeente nie 'n erediens op 25 Desember nie. Besoekers word aangemoedig om buurkerke se verrigtinge by te woon. Alle besoekers is welkom om by die erediens in te skakel, en na afloop van elke diens saam 'n koppie tee of koffie te geniet en saam te kuier.

Ons sal graag nuwe vriende wil maak om langtermyn bande te bou. Kom sluit gerus by ons aan en word 'n vriend van GK Eden. Corrie Pieterse.

Durban-Noord : volgens Rina Venter word die Kersdiens om 9.00 gelei deur ds Andries Burger van die GK Pinetown.(kerkgebou Waterkantstr. 121, Durban-Noord)

Stilbaai : Johann Roestorff het laat weet dat hulle erediens elke Sondag, behalwe op Kersdag, om 9.30 begin. Op Kersdag is dit om 9.00. Die eredienste word gelei deur ds Peet Coetzee, hulle hulpdienspredikant. Die kerkgebou is in Reservoirstr., Stilbaai-Wes.

Suidkus : volgens Liana Schutte vind al hulle eredienste, ook die Kersdiens, om 9.00 plaas. (Kerkgebou, h/v Bazley en Colleystr., Port Shepstone).

Hermanus : volgens André Boersma vind hul eredienste altyd om 9.30 plaas. Die erediens op Kersdag is ook om 9.30 en word om 9.20 voorafgegaan deur samesang.(kerkgebou Bergsigstr., Sandbaai)

Mosselbaai : op Sondae is die eredienste om 9.30 terwyl daar op Kersdag twee eredienste is en wel om 8.00 en 9.30 (kerkgebou h/v Seder- en Hardekoolstr., Mosselbaai)

Strand : volgens Hannelie Mostert is hul eredienste op Sondae om 9.00 (kerkgebou Altenaweg, Strand)

Port Alfred/Boknesstrand. Die Gereformeerde Kerk Uitenhage se wyk in Port Alfred sorg vir eredienste in Port Alfred wat elke Sondag deur die hulpdienspredikant, ds. Roelie Aucamp gelei word. Die eredienste vind om 9:00 in die historiese Stelaarskerkgebou, h/v Bathhurstweg en Northstraat, Port Alfred plaas.

'n GROOT DANKIE!!

2018 is byna verby en voordat nog baie meer van ons lidmate met vakansie gaan, is dit nodig om ons Administratiewe Beampte, Nienke, van harte te bedank vir haar onvermoeide ywer in ons Gemeente. Veral om te sorg vir (sover) 48 uitgawes van ons Waterkruik is iets wat nie sonder dankbaarheid van kennis geneem kan word nie. Om die nuusbrief vir elke Sondag voor te berei, die uitleg te doen, die kopiëring en sny en vou is groot werk en duur maklik meer as 3 uur per week.
Nienke, baie dankie !!

ALLERLEI

STAP VIR BYBELS OP HARTENBOS.

As u op 27 Desember in Hartenbos is, kan u gerus deelneem aan die Bybelstap wat deur die NG Gemeente gereël word om so Bybelverspreiding te ondersteun.

Een van 2 roetes (3km of 5km) kan gestap word teen R25 pp. Registrasie vind plaas by die ATKV-ampfiteater.

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

SKRIBA
Eddie Trollip
083 230 4245

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK.
Loutjie Coetzee
083 457 8489

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

e-pos kerk:nwgkw@telkomsa.net

webwerf:
www.gkwaterkloofrand.org.za
Op die webwerf kan u etlike jare se preeksketse van dr. Douw lees en daar is ook skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER:
André Els: 082 828 1910

WEEKKOSTER:
Nienke vd Walt: 083 398 9080

KANTOOR: Nienke vd Walt
012 460 6925 en 012 998 0912

KANTOORURE:
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon deurgeskakel is na die selfoon.

BANKBESONDERHEDE
Kerk:
ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens:
ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681

PARKERING
Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.(die terrein word gesluit gehou)

PREEKVERDUIDELIKINGS
Tydens oggenddienste word die preek van die oggend vir die kindertjies vanaf 4 jaar tot die in graad 4 deur 'n suster of susters in die saal verduidelik. Dit vind net plaas as dr Douw preek en ook nie gedurende vakansies en langnaweke nie. Dit word slegs tydens die preek en onder toesig van die beurtsouderling gedoen.

FOTO'S van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.